

31 Oktober 2021

Gr R tot Gr 3



So naby en tog nog **ver!**

Markus 12:28-34

voorbereiding

Neem saam:

- Legkaarte
- 'n Resep en bestandele
- Afkrite van die prent op laaste bladsy
- Kleurkryte

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Wie van julle ken julle skoollied? Ken jy al die verse? In die begin sukkel mens om al die woorde te leer en die hele skool lied te ken, dan bly jy sommer stil in die plekkies wat jy nie ken nie, of jy maak net of jy sing. Maar as dit nog gebeur ken jy nognie die hele lied nie.

Hou julle van legkaart bou? Kom ons begin vandag en kyk of julle die volgende legkaart kan bou.

Neem 'n legkaart saam vir die les. Maar maak vooraf seker dat daar so 2-3 stukkies van die legkaart nie in die boks is nie. Wanneer die kinders die legkaart bou moet jy darem die grootste deel van die legkaart se prent kan uitmaak, maar hulle moet dit netnie kan klaar maak nie.

Vra na die tyd: Was dit lekker om legkaart te bou? Kon julle die prent uitmaak van die legkaart? Hoe het julle gevoel toe julle agterkom dat al die stukkies van die legkaart nie daar is nie en julle nie die prent kon klaarmaak nie? Gee geleentheid vir die kinders om hul ervaring te deel.

Soms is mens so naby aan die einde van iets of so amper klaar, maar dan kort daar nog so klein bietjie goed om iets heeltemal klaar te maak. Dit is juis die laaste bietjie wat ook gedoen met word om die projek klaar te maak.

Wie van julle bak en brou graag in die kombuis? Kan julle 'n resep lees? Wat maak mens met 'n resep?

Jy kan ook 'n eenvoudige resep se bestandele saambring en die kinders vra om alles te meng, maar dit gaan net nie gebak word nie.

gesels tyd (vervolg)

Wanneer ons 'n resep lees, beteken dit ons gaan al die lekker koek kan eet? NEE. Want ons het nognie die bestandele bymekaar gesit nie. So al ons al die bestandele uit die kas haal en op die tafel sit, gaan ons nou die koek kan eet? NEE. Want die resep moet eers gevolg word. Die regte hoeveelheid van elke bestandele soos dit in die resep staan, moet saam gemeng word met die metode wat voorgestel word. So as alles klaar gemeng is, kan ons nou die lekker koek eet? NEE. Want dit was nognie in die pan gegooi nie. En wanneer dit nou in die pan is, kan ons nou eet? NEE. Want dit moet eers bak in 'n warm oond soos die resep voorstel. Eers daarna kan dit geet word. Die hele resep moet gevolg word tot die einde toe. Eers dan is dit klaar.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Liedjie: Ek is 'n huis

Ek is 'n huis, 'n huis waarin die Here bly
Ek is 'n huis, en Hy woon nou in my
Hy woon nie in 'n tempel nie
Ook nie in 'n kerk gebou
As jy die Here liefhet
Woon Hy in my en jou
Ek is 'n huis, 'n huis waarin die Here bly
Ek is 'n huis, en Hy woon nou in my

Liedjie: Met my hele hart

Met my hele hart en siel,
al my krag en verstand
Het ek U lief o Heer,
U's die bron van my krag
U liefde verteer my keer op keer
O Heilige Gees
Met my hele hart en siel
Bemin ek U Heer.

BYBEL tyd

In die Bybelse tyd lees ons dat by die temples het mens skrifgeleerdes gekry. Dit was mense wat die Bybel geleer het en geweet het wat al die wette is wat gehoorsaam moes word. Hierdie mense het graag probeer om vir Jesus vas te vra. Hulle wou nie glo dat Hy die Seun van God is nie en hulle het gedink as hulle hom net met 'n vraag kon vasvra, sal dit wys dat Hy nie alles

weet nie en sou hulle die speletjie wen. Die hartseer saak hiervan was dat hulle die hele Bybel uit hulle koppe geken het, maar hulle het nooit vir Jesus geken nie. Alles was vir hulle net soos feite wat hulle op die punte van hulle vingers moes ken, maar dit het nooit hulle harte geraak nie. Jesus sou graag 'n verhouding met hulle hê net soos wat Hy ook 'n verhouding met ons wil hê. 'n Verhouding is wanneer twee mense mekaar leer ken, alles van mekaar weet en lief is vir mekaar.

In vandag se Bybel gedeelte lees ons weer van 'n Skrifgeleerde wat Jesus probeer vasvra het. Hierdie skrifgeleerde, begin al iest van 'n verhouding met God verstaan, maar ook nog nie heeltemal nie. Kom ons lees daarvan uit die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit Mark. 12:28-34

In die gedeelte is die skrifgeleerde amper soos die legkaart wat ons in die begin van die les gebou het. Hy het amper al die stukies bymekaar, maar mis nog een blokkie, net om lief te wees vir God. Vers 34 sê: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie.

Die skrifgeleerdes was soos mense wat die hele resep van die koek ken uit hulle koppe. Hulle het al die bestandele, maar dis nognie saam gegooi en gebak nie. So hulle kan nognie vertel hoe die koek proe nie. Hulle ken die Bybel, hulle kan al die wette vir jou opnoem. Hulle kan vir mense leer van God, maar hulle verstaan nognie regtig wie Hy is nie, omdat hulle nie in 'n verhouding met Hom is nie.

Vandag gebeur dit steeds. Baie mense lees die Bybel, maar hulle verstaan nie die Bybel nie, want hulle ken nie vir Jesus nie. Ek en jy moet Jesus leer ken en liefhê, want eers dan sal ons regtig die Bybel versaan.

Ons moet vir Jesus bid en vir Hom vra om vir ons te leer hoe om die Bybel reg te verstaan. Ons moet in Hom glo en weet dat sonder Hom is ons verlore, maar omdat Hy bereid was om in ons plek vir die sonde dood te gaan, kan ons sonde vergewe word as ons dit bely en jammer sê daarvoor. En dan moet ons die Bybel lees en Jesus se liefde daarin vir my en jou raaklees.

As jy nognie self kan lees nie, kan jy vir mamma en pappa vra om vir jou te lees. Of as jy self kan lees, lees die Bybel en vra die Heilige Gees om vir jou te help om die Bybel te verstaan. Praat met Jesus oor wat jy lees terwyl jy bid. Ons kan enige tyd, enige plek met Jesus praat en bid. En Hy antwoord ons deur mense, of dinge wat ons raaksien, of daardie fluister stemmetjie in ons hartjie, die Heilige Gees wat ons leer wat reg en wat verkeerd is. Moenie halfpad stop nie. Leer Jesus ken, soos om die hele legkaart klaar te pak, of die koek te bak en te eet en te proe hoe lekker is dit.

doen & leer tyd

Voltooi die prent

Wanneer mens na 'n prentjie kyk, kan mens soms uit 'n prent wat amper klaar is, al die einde voorspel. Die prent is egter nie klaar tot die kunstenaar besluit het dit is klaar nie.


Ons moet altyd ons Bybel lees en van Jesus meer en meer leer.

Kyk na die prentjie en kyk of jy dit kan voltooi. Al verskil jou prent dalk van jou maat se prent wanneer dit klaar is, maak dit nie saak nie, want elkeen van ons verskil. Al wie dieselfde bly is Jesus.

Moedig die kinders aan om vir iemand te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir my lief is. Al verstaan ek nie altyd wat alles in die Bybel beteken nie, weet ek U is lief vir my. Help my om vir U lief te wees en die Bybel te lees en elke dag meer van U te leer. Amen



Voltooi die prent.

Teken die prent klaar in die blokkie en kleur dit in. Onthou altyd dat Jesus jou lief het en 'n verhouding met jou verlang.

